

Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 17 Aug 2018
Page: 19

AVE: 7079.07
Circulation: 13906
Part: 1 of 1

# SA se Jaguars wil hul kloue in Kiwiland wys

**Annchen Nel**



Jenny van Dyk

Soos verlede jaar, pak die Jaguars hul sterkste teenstander eerste.

Maar, dié keer, sê Jenny van Dyk, afrigter van die Noord-Gautengse netbalspan, is hulle beter voorbereid.

Die Jaguars verteenwoordig Suid-Afrika in die internasionale Superklub-toernooi, wat Sondag in Nelson, Nieu-Seeland, begin. Hulle neem daar deel as kampioen in Suid-Afrika se Premierliga.

Die Pretorianers speel Sondag hul eerste wedstryd teen die Kiwi's se Southern Steel, die verdedigende kampioen.

Die ander spanne is Pulse en Silvermoon Tactix van Nieu-Seeland, Sneakers (Singapoer), UWS Sirens (Skotland), Nieu-Suid-Wallis Institute of Sport (Australië) en Marama Vou (Fidji en Samoa).

Die Jaguars is laasjaar met 81-37 deur die Steel afgeslag en het eindelik sewende geëindig.

"Toe ons verlede jaar teruggekom het, het ons besef ons het baie werk om te doen," sê Van Dyk.

"Ons wóú teruggaan om weer in Nieu-Seeland te speel. Om dit te kon doen, moes ons weer die Premierliga wen."

Van Dyk sê verlede jaar het net twee van hul spelers ondervinding gehad van die hoë vlak van internasionale netbal.

"Aanpasbaarheid op die baan was iets waaraan ons moes werk. Die intensiteit is yslik.

"Dis een ding om by 'n weeklange oefenkamp sulke intensiteit te ervaar, maar 'n ander ding om dit heel jaar lank vol te hou," sê Van Dyk.

Die Jaguars het nou twee weeklange toernooie agter die rug (Ussa en die nasionale toernooi), wat nie verlede jaar die geval was nie, en dit gaan 'n verskil maak, glo Van Dyk.

" 'n Mens ervaar nie sulke druk in Suid-Afrikaanse kompetisies nie. Jy moet vinniger kan aanpas en verbeter. Dit kom net as jy onder druk is."

■ Van Dyk sê benewens die prysgeld van Netbal Suid-Afrika (NSA), is die span puik bygestaan deur die Universiteit van Pretoria en die Gautengse departement van sport. Die toernooi se borge het ook mildelik bygedra tot binnelandse vlugte, kos, vervoer en verblyf.

■ **Jaguars-toergroep:** Akosua Mensah, Chante Louw, Chantelle Swart, Danielle van Zyl, Ine-Mari Venter, Jasmine Ziegelmeier, Jeante Strydom, Lungile Mthembu, Marlize de Bruin, Shadine van der Merwe (k), Shongile Hlungwana, Tshina Mdau.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.